# Hoe om ‘n opsomming te doen

Lees vlugtig deur die uittreksel. Skryf al die **onbekende** woorde in the blok hieronder. Gebruik ‘n woordeboek en soek die **sinonieme** van die woorde wat jy nie verstaan nie.

STAP 1

- Lees die onderstaande uittrekstel noukeurig deur.
- Gebruik ‘n potlood om al die feite, name en datums te onderstreep.

**Die groot griep van 1918.**

Die groot griep het in 1918 meer as 20 miljoen, sommige meen meer na 40 miljoen, mense se lewens geëis. Twee keer meer as die Eerste Wêreldoorlog van 1914-1917.

Ook in Suid-Afrika het die griep ongekende verwoesting gesaai. Daar is bereken dat ongeveer 140 000 Suid-Afrikaners binne weke in Oktober 1918 daaraan beswyk het. Presies hoe die griepvirus vanuit die buiteland hier aangekom het, sal seker nooit definitief bepaal kan word nie. Daar word wel bespiegel dat drie skepe hier geland het met siek mense aanboord. Een in Durban en twee in Kaapstad.

Die griep het soos ‘n veldbrand versprei. Dorpe en stede is tot stilstand geruk. Kimberley het soos ‘n enorme hospitaalkamp gelyk en in verskeie ander gebiede het mense by die duisende gesterf. Die hele land was in skok oor hoe vinnig die virus versprei het.

Die hele land was op die rand van ondergang. Gesinne op plase het gelyk gesterf met simptome soos hoë koors, dermprobleme en ondraaglike spierpyne. Hulle het niemand gehad wat na hulle kon kyk nie aangesien die hele familie siek was. In besonderse gevalle het ‘n ouer of ‘n kind dit oorleef. Baie kinders is wees gelaat na die epidemie.

Die Groot Griep van 1918 kan met alle erns geklassifiseer word as die ergste enkele ramp wat Suid-Afrika nog getref het.

Geneem en verwerk uit Mieliestronk.com

STAP 2

- Lees die leesstuk weer deur (gebruik ‘n ander kleur potlood)
- Nommer die hoofgedagtes/sin (“main sentences”) in elke paragraaf. Let daarop dat elke paragraaf net een hoofgedagte het (partykeer is daar meer as een feit wat genoem moet word).

STAP 3

- ROFWERK/BEPLANNING: Skryf nou die hoofgedagtes (kernwoorde) neer.
- Gebruik die kernwoorde en maak jou eie sinne, moet nie die sinne uit die teks net so gebruik nie.
- Los beskrywende woorde en beeldspraak uit.
- Gebruik een woord vir sinne of frases.
- Moet nie inligting herhaal nie.

STAP 4

- Maak seker watter formaat gebruik moet word. (Paragraaf of puntsgewys)
- Skryf nou die sinne waaraan jy gewerk het, gebruik die regte leestekens.
- Maak seker dat dit in vol sinne is en dat dit sin maak. Gebruik hierdie geleentheid om jou opsomming netjies te redigeer.
- Tel jou woorde om seker te maak jy is nie onder of oor die bepaalde getal is nie.
- Maak nou al jou spel- en taalfoute ens. ook reg.
- Jou opsomming moet maklik lees. Dit moet sin maak en alle relevante inligting moet daar wees.

STAP 5

- Lees die instruksies weer deeglik deur en gebruik 'n pen of potlood om dit op die onderstaande kontrolelys af te merk. Daardeur sal jy weet of jy alles gedoen het. Onthou om jou beplanning ook in te handig.
- As jy seker is dat jou opsomming aan al die vereistes voldoen skryf dit netjies in pen oor. NETJIESE, KORREKTE SKRIFTELIKE FINALE AANBIEDING!
- Skryf die getal woorde reg onder die opsomming neer.

**Kontrolelys vir opsomming** - merk die verskillende stappe wat jy gevolg het:

1. Leesstuk twee keer deurgelees. ______
2. Hoofgedagtes onderstreep ______
3. Eie woorde gebruik ______
4. In vol sinne geskryf (een gedagte per sin) ______
5. Korrekte punktuasie gebruik ______
6. Korrekte woordtelling neergeskryf ______
7. Korrekte formaat gebruik. ______
8. Redigering gedoen, beide opsommings gereed. ______
9. Korrekte instruksies gevolg, bv. som op, skryf hoofgedagtes, maak 'n lys, skryfwenke, korrekte volgorde, ens. ______

Gebruik die volgende uitleg om jou te help:

1

2

3

4

5

6

Skryf jou rofwerk hier neer, in potlood.